



Geseënd is die  
*vredemakers*

'n Bybelstudiegids oor versoening en genesing in ons land.

**Prof Piet Meiring**

©Christelike Lektuurfonds  
Privaatsak x19  
Wellington  
7654  
publisher@clf.co.za  
021 873 6964

Alle regte voorbehou.

Tensy anders aangedui is alle Bybeltekse wat in hierdie publikasie aangehaal word, geneem uit die 1983-vertaling met herformulerings van die Bybel in Afrikaans.

Met toestemming van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Geen gedeelte van hierdie publikasie mag op enige manier sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer word nie.

Ontwerp en geset in Candara 12pt oor 14 deur Amanda Carstens

Omslagfoto: Miranda Martin

Gedruk en gebind deur:  
Mega Digital  
Koetsstraat 6  
Parow Industria

Eerste druk 2010  
Tweede druk 2012

ISBN: 978-1-86804-256-2

# Inhoudsopgawe

Vooraf: Die reënboog het sy kleur verloor .....	5
Bybelstudie Een: 'n Wêreld om van te droom (Psalm 85) .....	10
Bybelstudie Twee: Bedienaars van die versoening (2 Korintiërs 5:17-21) .....	15
Bybelstudie Drie: "Die waarheid maak seer - én gesond" (tekste uit Johannes 1, 8, 14, 16 en 17).....	20
Bybelstudie Vier: "Mag ek asseblief my pen terug kry?" (Lukas 19:1-10) .....	26
Bybelstudie Vyf: Om te bely én te vergewe (Luk 15:11-32) .....	32
Bybelstudie Ses: Die groot avontuur, dwarsoor die grense! (Handelinge 10: 1vv) .....	38
Bybelstudie Sewe: Die gemeenskap van die heiliges? (Johannes 13:12-17, 54-35; 17:20-23) .....	44
Bybelstudie Agt: "Soos 'n vuvuzela!" (1 Korintiërs 13:1-13) .....	52
Fransiskus se gebed .....	57
Inligting in verband met praktiese versoeningsprojekte .....	58
Bronne .....	59



# Vooraf:

## Die reënboog het sy kleur verloor.

### **Te haastig met die fees?**

“Ons is te haastig met ons fees. Miskien moes ons ’n rukkie gewag het voordat ons die vreugdevure aangesteek het”.

Wie van ons sal nie dié dag in Mei 1994 onthou nie? Op die terras van die Uniegebou in Pretoria het die nuwe president van Suid-Afrika, Nelson Mandela, breed geglimlag. Staatshoofde en koninklikes, ambassadeurs, oud-kollegas uit die stryd, ook vroeëre opponente, het tou gestaan om hom ’n handdruk te gee. Met die kleure van die nuwe landsvlag wat die lug agter hulle verf, het vevliegтуie in ’n erevlug verbygevlieg. Nadat die nuwe president sy ampseed afgelê het, het honderd duisende op die terrasse van die Uniegebou én in die strate “Nkosi sikelele iAfrika” gesing: God seën Afrika! Wit en swart het mekaar omhels. Ou vyande het vir mekaar geglimlag. Miljoene het tuis die seremonie op hul televisiestelle gevolg. Die reënboog het oor ons land gehang: die nuwe Suid-Afrika het aangebreek.

“Ons is te haastig met ons fees...” My kollega, ’n predikant in een van die Engelse kerke, het ons almal aarde toe gebring. “Natuurlik is dit wonderlik om te sien hoe mense ná al die jare van swaarkry en geweld hul strydbyle begrawe. Maar ek is bevrees dit sal nie so maklik gaan nie. ’n Mens kan nie sommer so vanuit ’n tyd van oorlog en geweld en onreg ’n paddasprong na die reënboogland maak nie. Daar het te veel gebeur waarmee ons nog nie klaargespeel het nie. Die onreg van die verlede moet hanteer word, die misdad en geweld

moet hokgeslaan word. Vrede en versoening kom nie vanself nie. Dis 'n genadegawe van Bo – maar dit vra ook toewyding, opoffering en baie, baie liefde”.

Ek dink deesdae dikwels terug aan die woorde van my vriend. Sy aanvoeling was reg: die reënboog het inderdaad baie van sy kleur verloor. Al die onreg en geweld, die korrupsie en die misdaad, die ineenstorting van maatskaplike dienste, die misverstand en die vooroordeel, die rassisme wat ons samelewing geslagte lank gestempel het, het toe nie soos mis voor die son verdwyn nie. Baie pogings is aangewend. Die Waarheids- en Versoeningskommissie het die land deurreis om slagoffers én oortreders te ontmoet. Kerke het versoeningsgeleenthede aangebied. Politieke leiers het allerlei oproepe gedoen. Boeke is geskryf. Daar was baie planne. Maar of dit ons werklik nader aan mekaar gebring het en of die mense van ons land, die verskillende groepe, werklik versoen is, is 'n oop vraag.

### **Hoop vir 'n stukkende land?**

Kan daar iets aan die saak gedoen word? Het ons as gelowiges hoop vir ons stukkende land? Die antwoord is, Ja! As volgelinge van die Here Jesus is ons geroep om vredemakers, bedienaars van die versoening te wees. Die Here *verwag* dit van ons om betrokke te raak, om die salf van sy liefde oor die wonde in ons land te stryk.

Maar hoe doen 'n mens dit? En wáár moet ons aan die werk spring? Die spanningsvlakke lê wyd. Om net 'n paar te noem:

- *Politieke* spanning het die afgelope jare nie verminder nie, maar eerder vererger. Baie verwyte wat uit die verre verlede kom, versuur nog altyd verhoudings tussen Suid-Afrikaners. En dinge wat vandag weer skeefloop, mense wat nou nog meer as tevore voel dat reg en

geregtigheid hulle steeds ontwyk, vererger die probleem. Minderheidsgroepe voel dat hulle eenkant gestoot word. Botsende politieke ideologieë, om nie eers van die uitsprake van sommige politici te praat nie, laat die spanning opblaai.

- Op *ekonomiese* gebied word die klowe al wyer. Jare lank het mense drome gedroom en is beloftes gemaak. Verwagtings is geskep oor 'n meer regverdige bedeling in die land, oor huise en werk en 'n behoorlike inkomste vir almal. Maar dit het nie gebeur nie. Die rykes is nog steeds ryk en die armes bitter arm. Ekonome vertel dat in Suid-Afrika die kloof tussen die super-rykes en die heel armstes (volgens die sogenaamde *Gini-skaal*) die heel ergste op aarde is. Armoede en rykdom het ook nie 'n kleur nie: onder die heel rykstes tel blankes én swartmense. Onder die heel armstes is dit net dieselfde. Werkloosheid maak mense moedeloos – partykeer selfs aggressief.
- *Kulturele* verskille is 'n gawe van Bo wat 'n samelewing kan verryk. Maar, as mense die verskille verabsoluteer of minag, byvoorbeeld wanneer die taal en kultuur van minderhede vertrap word, word vure aangesteek wat moeilik geblus kan word.
- *Rassisme* is nog lank nie dood nie. Om apartheid uit die wetboeke te kry, was een ding. Om dit uit ons harte en gedagtes te vee, kan geslagte lank duur. 'n Mens hoef maar net die koerant op te tel of na die televisienuus te luister om te sien hoe diep die spore van die monster van rassisme in ons huise, skole, kantore en woongebiede lê. 'n Mens skrik as jy die spore van rassisme in jou eie hart ontdek.
- Weens baie faktore neem spanning in die *gesinslewe* toe. Berigte oor gesinsgeweld, gesinsmoorde, seksuele teistering, oor wat mans en vroue en kinders aan mekaar doen, haal daaglik die voorblaai.
- Die vlakke van *misdaad* en *korrupsie*, die geweld wat ons almal raak, lewens wat goedkoop geraak het en

plaasmoorde wat toeneem dreig om die samelewing in skerwe te laat spat. Die feit dat talle leiersfigure by korrupsie betrokke is, maak mense sinies oor die toekoms van ons land.

- Op *kerklike* gebied gaan dit nie veel beter nie. Onenigheid onder Christene, die wanpersepsies wat ons van mekaar het en gelowiges se onwilligheid om hande na mekaar uit te steek, trek 'n streep deur die evangelie van liefde. Die langsame vordering met die herstel van eenheid binne die N G Kerkfamilie is 'n bron van groot kommer en frustrasie.
- Laastens, maar al hoe belangriker in ons samelewing, is die verskille tussen *godsdienstegemeenskappe* in ons land. Suid-Afrika is 'n land van baie godsdienste: Christene, Moslems, Hindoes, Boeddhiste, Jode, aanhangers van die ou godsdienste van Afrika. Ons sal moet leer om mekaar te respekteer en te aanvaar. Maar dit gebeur nie sommer vanself nie. Verskille word dikwels op die spits gedryf; karikature word opgehang. Die laaste “heilige oorlog” is nog lank nie verby nie.

Om in ons verdeelde en stukkende land oor die liefde van die Here te praat, om as vredemakers, as gesante van versoening op te tree, vra groot toewyding en ook opoffering. Vra maar vir elke dominee en lidmaat wat by die proses betrokke is. “Versoening”, het een van hulle nou die dag gesug, “is nie vir sissies nie!”

Ek hoop dat hierdie Bybelstudie-handleiding jou as leser op jou pad van versoening en genesing gaan help. Aangesien die saak duidelik met die hart van die evangelie te make het, was dit nie moeilik om agt Skrifgedeeltes uit te soek nie. My gebed is egter dat die Here deur sy Gees die Bybelstukkies, die informasie, die vrae én die wenke, sal gebruik om vir ons almal saam nuwe vensters oop te maak: oor hoe groot die behoefte aan versoening is, oor wat ons wáár alles kan doen,



en wie almal in die proses betrek kan word. Bo alles is dit my gebed dat ons al meer 'n besef sal kry van wat God alreeds in ons land aan die doen is – en hoe Hy ons by sy werk inskakel.

- Die Bybelstudie is vir alle groepe bedoel, vir selgroepe, jeuggroepe, kerkraadsbyeenkomste, middagete-byeenkomste by die werk, ensovoorts. As persone van ander gemeenskappe, oor die kleurgrens - veral vanuit die geledere van die N G Kerkfamilie - genooi kan word om saam te praat, sal dit die waarde van die studie aansienlik verhoog. Baie nuwe insigte en ervarings sal op die tafel beland. Meer nog: dit kan 'n versoeningservaring in eie reg word.
- Op die laaste bladsy van dié boek is die bekende gebed van Fransiskus van Assisi. Ek wil graag aanbeveel dat die gebed aan die einde van elke Bybelstudiesessie saam gebid word.



# Bybelstudie Een

*'n Wêreld om van te droom (Psalm 85)*

## **Voordat ons uit die Bybel lees:**

Die bom het onverwags gebars. Die gesellige familiebyeenkoms het in 'n witwarm konfrontasie ontaard. “Marie en ek het besluit om te emigreer”, het Gert kop-onderstebo aangekondig. “Ná die aanval op ons bure slaap ons nie meer in die nag nie. Ons papiere is gereed: ons gaan Australië toe”. Helfte van die familie was geskok: Hoe kan Gert-hulle sommer opgee en weghardloop? Die land, die familie, het hulle nodig! Dis nou die tyd om sterk te staan, om hande te vat en iets te doen aan alles wat verkeerd is. Boonop: elke land in die wêreld het probleme. Australië ook. Gert se ma was bitter: “Julle neem ons kleinkinders van ons weg!”

Die ander helfte het verstaan en Gert en Marie se besluit verdedig. “Ek wens ek kon ook gaan! Hier het niks in die land vir my oorgebly nie. Ek is nie eers seker van my werk en inkomste nie”, het een van die neefs laat hoor. “Ek wil graag in Suid-Afrika bly. Ek is lief vir ons land, die mooiste land in die wêreld. Maar die geweld en die korrupsie, alles wat sommer net padgee, die stakings en die stukkende paaie, die gesukkel by die hospitale en die skole, laat my wonder; moet ons bly of moet ons ry?”, het sy suster bygevoeg. “Is dit die land waar ek my seun en twee dogters wil grootmaak?”

Oupa Jan, wie se tagtigste verjaarsdag die rede vir die fees was, het van die een na die ander gekyk. Daar was trane in sy stem toe hy opmerk: “Dis 'n hartseer dag vir ons almal. Dis nie wat ek vir ons familie gewens het, dat

ons uitmekaar spat nie. Maar dinge het so anders geword in ons land. Die nuwe Suid-Afrika is nie die land waarvan ons gedroom het nie...”

Die groot vraag wat op vandag se agenda is, is: Hoe lyk ’n gesonde land, ’n land waarin jy graag sou wou woon? Hoe sou ’n wêreld waarvan ’n mens kon droom, daar uitsien?



### ***lets oor ons Skrifgedeelte:***

Psalm 85 kan ’n mens help om die vraag te beantwoord. Dis ’n lied van hoop vir mense wat met baie vrae in hul hart rondom hulle kyk. Toe die Joodse ballinge na al hul ontberings in die vreemde terug is na Jerusalem, het hulle baie hoë verwagtings gehad. Maar dinge het anders verloop as wat hulle verwag het. Jerusalem en Judea was in puin gelê. Ander mense het intussen in die land kom woon, en hulle was vyandig. Die hervestiging was moeilik. Kon dit wees omdat die Here hulle nog nie regtig vergewe het nie? Was die straf van die ballingskap nie genoeg nie?

Psalm 85 bestaan uit drie dele:

- Die eerste gedeelte (vs 2-4) besing die ewige goedheid van die Here, wat sy volk se sonde vergewe het en hul land aan hulle teruggegee het
- Die tweede deel (vs 5-8) sing egter ’n teenoorgestelde deuntjie. Dis vol smart en hartseer. Dit wil voorkom asof dinge nog glad nie reg is nie, asof die Here sy volk nog nie heeltemal vergewe het nie. Die skynbare teenstrydigheid tussen vers 4 en vers 6 tref ’n mens diep. Baie mense in die geskiedenis het al so gevoel: “Dankie dat U nie meer vir my kwaad is nie. Maar hoe lank gaan U nog vir my kwaad bly?” Dis veral in deurmekaar tye, in tye wanneer

ons met die gevolge van sonde in ons lewe – en in ons samelewing – worstel, dat die vraag by ’n mens opdoem. Wie van ons het nie al so gebid nie? “Wil U nie weer die lewe vir ons nuut maak sodat ons weer vreugde in U kan vind nie? Laat ons u troue liefde belewe, skenk ons u reddende hulp!”

- Die *derde* deel (vs 9-14) is die hoogtepunt van die psalm. Dis een van die mooiste beskrywings van hoe ’n wêreld waarvan ’n mens regtig kan droom, daar uitsien. Dis hoe ’n land lyk wat God genees. Ons gebruik graag die woord *sjaloom* wanneer ons oor die vrede wat die Here vir ’n mens gee, praat. ’n Mooier definisie van *sjaloom*, van die vrede van God wat elke terrein van die samelewing oordek, kry jy nêrens nie. Soos met ’n pragtige musiekstuk moet ’n mens die verse eintlik drie-vier keer hoor om die volle lading te ervaar.

### ***Lees Psalm 85 en praat saam oor die volgende vrae:***

1. Watter gedeelte van Psalm 85 raak jou die meeste? Hoekom?
2. In watter mate is die omstandighede van die Psalm ook op ons van toepassing?
3. Kan jy die woorde van die eerste deel (vs 2-4) saam bid? Het jy ervaring daarvan? Vertel.
4. Ken jy ook die pyn van die tweede deel (vs 5-8)? Wat sê ’n mens vir ’n kind van die Here wat met dié probleem worstel?
5. Met watter gevolge van die sonde van die verlede het ons (persoonlik én gesamentlik) vandag nog mee te make?
6. Lees vers 9-14 weer saam en gee vir mekaar voorbeelde van hoe liefde en trou, geregtigheid en vrede, in ons samelewing lyk – met ander woorde: hoe sou ’n land lyk waaroor ’n mens kan droom? Kan jy dit met ’n verhaal of ’n ervaring illustreer?

7. Dit tref 'n mens dat die vier begrippe in pare aanmekaar geknoop word: geregtigheid en vrede gaan saam, so ook *liefde* en *trou*. Kom ons praat oor die eerste paar: Kan daar ooit vrede in ons land wees sonder *geregtigheid*? Wat sê dit vir ons in ons verhouding met ander, vir al die mense in ons land?
8. “Trou” (Hebreeus: *hesed*) kan ook met “betroubaarheid” of “waarheid” vertaal word. Wat beteken dit dat liefde en waarheid aanmekaar gekoppel is, vir ons – én vir die ideale samelewing?
9. Een van die verse van Psalm 85 het ook met die ekologie te make. Watter vers? Wat sê dit vir ons in ons soeke na die ideale wêreld?
10. Wat kan ons as dienaars van die Here doen om iets van die droomwêreld sigbaar en waarneembaar te maak? Kan Christene as vredemakers en versoeners werklik 'n verskil maak?



### ***Iets om oor na te dink: Maak Christene 'n verskil?***

Dr Faustin Ntesilyao, Minister van Justisie van Rwanda was sigbaar geïrriteerd met my vraag. Sy oë het geblits toe hy geantwoord het. Dit was in Januarie 1997, toe 'n kabinetsafvaardiging van Rwanda Suid-Afrika besoek het om uit te vind hoe dit met die waarheids- en versoeningsproses gaan. In sy eie land was alles aan skerwe. Geraamtes het oor die vlaktes gelê. Met verbystering het ons geluister hoe hy van die drie bloedige maande (Februarie-April 1994) vertel, toe bykans 'n miljoen Rwandese gesterf het, toe die jarelange vyandskap tussen Hutu's en Tutsi's in 'n bloedbad ontplof het. Bure het in mekaar se huise gestorm, mans en vroue en kinders is voor die voet doodgemaak. “In ons land”, het die minister gesê, “is daar 'n halfmiljoen mense – party van hulle jong kinders – wat met bloed aan hul hande loop”.

Gedurende vraetyd het ek dit gewaag: “Minister, volgens al die handboeke is Rwanda een van die meeste Christelike lande ter wêreld, met 85% van die bevolking wat aan ’n kerk behoort. Watter rol het die kerke gespeel terwyl dit alles gebeur het? Met so baie Christene in die land, moes hulle seker darem ’n verskil gemaak het? Het die kerke ’n bydrae tot versoening gelever?”

“Die kerke?”, het die minister uitgebars. “Hulle het géén rol gespeel nie. Nee, dis erger: Die Christene was *deel* van die probleem. Van die predikante en priesters en nonne, die gemeentelede, was net so skuldig as al die ander. Hulle het ook bloed aan hulle hande gehad. Van die priesters het die vlugtlinge toegelaat om in hul kerkgeboue te skuil, net om die deure te sluit en soldate met gewere en pangas te gaan haal. Partykeer is mans, vroue en kinders voor die altaar afgemaai. Christene wat jarelank bure was, het mekaar aangeval”.

Met aandete was Minister Ntesilyao al afgekoel. Terwyl ons op die kelner gewag het, het hy met ’n skewe glimlaggie na my gedraai. “Dis mos jy wat die vraag oor die kerke gestel het. Ek het vir jou ook een. Suid-Afrika, so hoor ek, is ook één van die mees Christelike land op aarde. Daar is miljoene gelowiges in die land. Oraloor sien ons kerke staan. Sê my tog, met al die dinge wat in *julle* verlede gebeur het, al die onreg en die pyn, het die Christene enige rol gespeel? Het die kerke die mense se nood ernstig opgeneem, hulle gehelp om versoen te raak? Meer nog, met die probleme wat *julle vandag* in die gesig staar – maak dit ’n verskil dat daar Christene in die land is?”

(Uit Piet Meiring: *Kroniek van die Waarheidskommissie*)

Wat is *jou* antwoord op die vraag?



# Bybelstudie Twee

## *Bedienaars van die versoening (2 Korintiërs 5: 17-21)*

### **Voordat ons uit die Bybel lees:**

“Die mense praat maklik van versoening”, het ’n vriend van my nou die dag opgemerk. “Maar ek weet nie of ek reg is daarvoor nie. Wat beteken die woord in elk geval? Wie is daarvoor verantwoordelik? En waar begin ’n mens?” Ons het in die vertreksaal van die lughawe sit en koffie drink, met ’n oop koerant op die tafeltjie. Op die voorblad was ’n foto van nog ’n plaasaanval, met ’n berig daarby waarin ’n plaaslike politikus die mense maan om asseblief kalm te bly, om nie die reg in eie hande te neem nie. “Ons moet eerder mekaar se hande neem. Ons moet versoen”, was sy oproep. Dit klink alles mooi. Maar hoe?

Die Bybel praat baie dikwels van versoening. Daar is talle voorbeelde daarvan in die Skrif. Bo alles vertel die Bybel ook vir ons wie in die eerste plek verantwoordelik is vir versoening. God is verantwoordelik. Dis sy werk! In sy Tweede Brief aan die Korintiërs maak Paulus dit meer as duidelik. Daar is ’n storie agter die storie. Tussen Paulus en sekere mense in Korinte het ’n verhoudingsbreuk ontstaan. Allerlei gerugte oor Paulus het die rondte gedoen. Gevoelens is op die spits gedryf. En nou skrywe Paulus, omtrent in trane, en pleit dat die verskille uit die weg geruim moet word, dat daar versoening tussen hom en die gemeente moet kom. Vir Paulus was dit duidelik: omdat God ons as mense met Homself versoen het - deur die kruisdood van Jesus Christus - is ons verhouding met God én met mekaar herstel. Ons het nou nuwe